

HOE EK NA DEPRESSIE KYK

Skrywer: Sakkie Parsons

‘n Kind van God het met my oor depressie gepraat en nadat ek met die persoon gedeel het, het ek gedink om vir jou ook te stuur wat ek vir die persoon gestuur het. Miskien weet jy van iemand wat hier by kan baat.

So ‘n paar jaar gelede het my vrou ook deur ‘n soortgelyke stryd gegaan en elke keer wat die satan haar met depressie aangeval het, het sy hartseer aan die huil gegaan.

Dan het sy gewoonlik net so tussen die trane deur vir my gesê:

“Darling pray for me.”

Dan het ek vir haar gebid maar ek het ook vir haar gesê dat sy moet een ding baie goed verstaan en dan daarvolgens optree.

Ek gaan ook nou vir jou sê wat ek vir haar gesê het en jy moet my asseblief glo, want dan alleen kan jy dit oorwin.

My vrou het met die hulp van ons Here sommer gou korte mette met die depressie gemaak.

Depressie is van die satan.

Ek sê nie dat depressie ‘n duiwel is nie, want dan sou ek sê dat jy ‘n duiwel het. Ek sê dit omdat baie mense daardie fout maak.

Depressie is net ‘n wapen wat hy teen jou gebruik omdat hy dink dit kan werk om jou weg van die Here af te kry en sommer ook jou te vernietig.

Onthou, ek het gesê, dit is wat hy dink.

Net soos hy ook gedink het hy kan Jesus verlei.

Die satan is magtig maar God wat in jou woon is almagtig.

Jy is ‘n bloed gewaste kind van God en God woon in jou.

Ek wil jou nou so ‘n paar dinge vertel oor daardie woning wat God in woon.

Jy het Jesus aangeneem as jou Saligmaker, so God sê van jou dat jy Sy kind is.

JHN 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;

JHN 1:13 wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van ‘n man nie, maar uit God gebore is.

Elke keer as satan jou aanval met die depressie, dan spreek jy hom aan in die Naam van Jesus.

Moet nooit met die duiwel in jou eie krag praat nie maar sê vir hom:

“In die Naam van Jesus satan.”

ROM 8:15 Want julle (**ek**) het nie ontvang ‘n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle (**ek**) het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, (**kind**) deur wie ons (**ek**) roep: Abba, Vader!

ROM 8:16 Die Gees self getuig saam met ons (**my**) gees dat ons (**ek**) kinders (**kind**) van God is;

ROM 8:17 en as ons (**ek**) kinders (**kind**) is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons (**ek**) naamlik saam met Hom ly, sodat ons (**ek**) ook saam met Hom verheerlik kan word.

Lees ook hier.

EFE 1:4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,

EFE 1:5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,

EFE 1:6 tot lof van die heerlijkheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.

EFE 1:7 In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,

God het Sy oog op jou vir 'n baie lang tyd al.

Jy sien, voor die grondlegging van die wêreld het God jou al uitverkies en Hy het geweet dat jy Hom gaan aanneem as jou Verlosser en Saligmaker.

Dit is vir my iets wonderlik groots om te weet.

Moet tog asseblief ook nie die mense glo wat vir jou vertel dat dit altyd moet goed gaan met 'n kind van God nie.

Ek kan vir jou baie voorbeelde uit die Bybel wys, dat dit nie noodwendig so is nie maar ek volstaan met wat Jesus sê.

JHN 16:33 Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; (dit sal soms moeilik met julle gaan) maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.

Jesus sê nie dat ons reis Hemel toe maanskyn en rose gaan wees nie, intendeel Hy sê:

MAT 10:38 En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie.

Glo vir my as jy in Jesus se tyd 'n kruis gedra het, het almal wat jou gesien het geweet, om dit baie lig uit te druk.

Dinge gaan met jou moeilik en dit gaan erger word, tot dat jy dood is.

God sê nie dat ons reis Hemel toe veilig gaan wees nie maar Hy sê wel dat ons tuiskoms en tuiste verewig wonderlik gaan wees.

OPG 21:3 En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.

OPG 21:4 En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.

OPG 21:5 En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.

OPG 21:6 En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.

OPG 21:7 Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees.

Verder sê God in Sy woord.

JAK 1:12 Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet.

IPET 5:4 En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlijkheid ontvang.

So, kry weer 'n huppel in jou stap op jou reis Hemel toe, want jy is 'n koningin/koning op pad om gekroon te word en onthou tog om jou medikasie, as jy medikasie gebruik, dit stiptelik, soos jou dokter, wie ons Here ook vir jou daar gestel het, voorgeskryf het te gebruik. Terwyl jy daagliks met ons Here oor jou omstandighede gesels.

Onthou ook dat jy nie nou 'n duiwel in jou het nie.

Die satan sal hom in elk geval nie deur 'n pil laat beheer nie.

Al wanneer hy pille gebruik, is wanner hy iemand 'n oordosis laat gebruik.

**Groete,
Sakkie**

E-pos: bediening@sakkieparsons.co.za

Webtuiste: www.sakkieparsons.co.za

Sel: 083 457 6669

Judas 1:24-25 „Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor Sy heerlijkheid te stel met gejuig, aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlijkheid en majesteit, krag en mag, nou tot in alle ewigheid! Amen.”

Indien u hierdie e-pos lees en wel gereëde e-pos van my wil ontvang, stuur asseblief u volle e-pos adres in die “subject box” na: bediening@sakkieparsons.co.za

Moet asseblief nie 'n leë e-pos stuur nie.

Aangesien ek blind is en gebruik maak van 'n sagteware program waar die rekenaar met my praat, sal ek nie weet of dit 'n foto of leë e-pos is wat ek ontvang nie. In albei gevalle sal my rekenaar net stil bly.